

DENKLEIERS VIR DIE TOEKOMS

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
INSTITUSIONELE VOORNEME EN STRATEGIE
2013-2018



UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot•your knowledge partner



INHOUDSOPGAW E

LYS VAN TABELLE	5
LYS VAN FIGURE.....	5
LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS.....	5
Voorwoord deur Prof H Russel Botman	10
Bestuursopsomming	15
Visie	16
Missie.....	19
Waardes	21
Die konteks en posisionering vir 'n 21ste-eeuse universiteit	24
Die US se oorhoofse besigheidsmodel	28
Strategiese prioriteite (2013-2018)	33



LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Hoëvlak beskrywing van geselekteerde strategiese doelwitte..... 38

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Besigheidsmodel van die Universiteit Stellenbosch 28

Figuur 2: Strategiese prioriteite, temas en geselekteerde doelwitte 34

LYS VAN AKRONIEME EN AFKORTINGS

ADA	Afrika Doktorale Akademie
B-graad	Baccalaureusgraad
BSI.....	Bruin, Swart en Indiër
IKT.....	Inligtings- en Kommunikasietegnologie
IVS.....	Institusionele Voorneme en Strategie
L&O	Leer en Onderrig
OSP	Oorhoofse Strategiese Plan
PANGeA	Vennootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici (<i>Partnership for Africa's Next Generation of Academics</i>)
PMO	Parallel Medium Onderrig
SSVO.....	Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling
SVS	Sentrum vir Voornemende Studente
US.....	Universiteit Stellenbosch



Ons is Maties
Ons groei saam

ONS ONDERSKEIDENDE KENMERK

Ons skep inklusiewe en diverse ervarings vir ons studente en personeellede om hulle volle potensiaal te ontsluit.

WAARDESTELLING

Ons lei denkleiers vir die toekoms op.

V O O R W O O R D D E U R
P R O F H R U S S E L B O T M A N



VOORWOORD DEUR PROF H RUSSEL BOTMAN

Rektor en Visekanselier

Namate ons dieper die 21ste eeu in beweeg, het dit noodsaaklik geword om die Universiteit Stellenbosch (US) vir hierdie era te posisioneer ten einde uit nuwe geleenthede voordeel te trek. Hierdie proses bied baie uitdagings, maar ook opwinding oor die toekoms van ons instelling.

Met die snelveranderende behoeftes van die samelewing wêreldwyd, het baie universiteite na “transformasiemodus” oorgeskakel om die druk te hanteer om meer mense met minder ruimte en geld te bedien en om in die kenniseconomie relevant te bly. Dit verg ’n fundamentele hersiening van strategieë, strukture, missies, prosesse en programme – sonder om ooit enige belanghebbendes uit te sluit. By die US het ons gekies om proaktiewe stappe te doen om te verseker dat voortdurende transformasie by die ‘kernwese’ van die Universiteit geïntegreer word – en dus nie deur noodsaak aangevuur word nie, maar eerder omdat ons dit as ’n sleutelvoorvereiste vir sukses in die 21ste eeu beskou. Daarom voorsien die bestuur van die Universiteit dat hierdie proses versoenend sal wees en nie verdelend nie.

In antwoord op voortdurende verandering sal ons meer buigsaam en innoverend moet wees. Die gebruik van gevorderde leertegnologieë kan ons help om ons grense te versit, soos wat wêreldwyd met aanlynkursusse gedoen word. Tog moet dit oordeelkundig gedoen word om steeds ’n hoë vlak van akademiese uitnemendheid te handhaaf. Teen 2020 stel ons die US as ’n mediumgrootte universiteit met twee modusse voor. In wese beteken dít dat die infrastruktuur van die US in twee modusse gebruik sal word: modus 1, waar infrastruktuur vir ’n deel van die jaar deur kontakstudente gebruik word, en modus 2, waar infrastruktuur gedurende vakansies deur kontakstudente in “blokkursusse” (die werk en leer mark) gebruik word. Albei modusse sal deur die doeltreffende en doelmatige gebruik van moderne inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) aangevul word. Tegnologie sal die Universiteit se groei tot lank ná 2020 verseker en versnel.

Ons verantwoordelikheid teenoor ons land en vasteland moet ook in ag geneem word. Een van die sleuteluitdagings in hierdie verband is om ongelykhede en diskriminasie uit ons hoëronderwysstelsel te verwyder. Ons maak erns met hierdie uitdaging, en beoog om menseregte en demokrasie op ons kampusse te versterk. Hierdie strewe is ook in die Universiteit se visie, missie en waardestelling vir 2030 saamgevat.

Institusioneel konsentreer ons op vier fokusgebiede – die uitbreiding van ons kundigheidsbasis, die bevordering van studentesukses, die verhoging van diversiteit, en die verbetering van ons sistemiese volhoubaarheid

Institusioneel konsentreer ons op vier fokusgebiede – die uitbreiding van ons kundigheidsbasis, die bevordering van studentesukses, die verhoging van diversiteit, en die verbetering van ons sistemiese volhoubaarheid. Met betrekking tot laasgenoemde word ’n gekonsolideerde begroting, die instandhouding van ons infrastruktuur en die vermindering van ons koolstofvoetspoor beklemtoon. Hierdie fokuspunte het ’n verankerde deel van ons daaglikse institusionele aktiwiteite geword, en dien dus as die grondslag vir ons toekomsbeplanning.

Hierdie **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** neem kennis van én ondersteun die voorgestelde uitkomst van die wêreldontwikkelingsdoelwitte sowel as die Nasionale Ontwikkelingsplan van Suid-Afrika. Die land sal ’n beter plek wees indien ons die uitdagings van die 21ste eeu in die gees van “hoop aan die werk” die hoof bied. Die Universiteit se verbintenis tot diensbaarheid kom sedert 2007 tot uiting in die HOOP Projek, en die “skep van hoop” word in Suid-Afrika, op die Afrika-vasteland én internasionaal as die instelling se voetspoor erken. Op internasionale vlak sal die HOOP Projek deel uitmaak van die HOOP Internasionale Netwerk, wat uit ses stigtersuniversiteite bestaan. In Afrika sal die US voortbou op die suksesvolle Venootskap vir Afrika se Volgende Geslag Akademici (PANGeA) en die Afrika Doktorale Akademie (ADA) om die HOOP Afrika Akademie-projek tot stand te bring.

Met die Universiteit se nuwe visie beoog ons om ons relevansie as ’n instelling nasionaal én internasionaal selfs verder te bewys. Ons wil ook ’n inklusiewe omgewing skep, entrepreneurskap en innovasie ondersteun en diversiteit bevorder. Die toepaslike herontwerp van sleutelproesse, strukture en die institusionele kultuur is die kern van ons beplanning en posisionering as ’n voorste 21ste-eeuse universiteit in Afrika.

Hierdie **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** neem kennis van én ondersteun die voorgestelde uitkomst van die wêreldontwikkelingsdoelwitte sowel as die **Nasionale Ontwikkelingsplan van Suid-Afrika**

BESTUURSOPSOMMING



BESTUURSOPSPOMMING

Ons strategiese posisionering vir die 21ste eeu is veranker in die skep en handhawing van 'n omgewing van inklusiwiteit, transformasie, innovasie, diversiteit en die handhawing van uitnemendheid, met die klem op die toekoms. Hierdie posisionering ondersteun ons kernaktiwiteite van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie, met studentesukses, die kundigheidsbasis, diversiteit en sistemiese volhoubaarheid as fokusgebiede.

Drie oorhoofse strategiese prioriteite is bepaal, wat elk deur strategiese temas ondersteun word. Dit is soos volg:

Verbreed toegang

Tema 1: Bevorder toegang tot nuwe kennismarkte

Tema 2: Verhoog diversiteitsprofiel van studente en personeel

Behou momentum van uitnemendheid

Tema 3: Posisioneer as die voorste navorsingsinstelling in Afrika

Tema 4: Behou studentesukseskoers

Bevorder impak op samelewing

Tema 5: Vestig toegewyde, visionêre leierskap

Strategiese doelwitte is geformuleer om hierdie prioriteite en temas te verwesenlik, ten einde die US as 'n 21ste-eeuse universiteit te posisioneer en buigsaamheid by die Universiteitstelsel en -prosesse in te sluit. Hierdie doelwitte is nie rigied nie, maar skep 'n omgewing waar innovasie ondersteun en aangemoedig word. Daar moet in ag geneem word dat die strategiese doelwitte nie in isolasie funksioneer nie, maar geïntegreerde prosesse is.

Met ons besigheidsmodel bedien ons steeds 'n uiteenlopende groep studentesegmente, met 'n klemverskuiwing na toegepaste leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Ons bied steeds 'n wye verskeidenheid dissiplines aan, brei ons diploma-aanbod uit en betree die "werk en leer" mark. Die optimale gebruik van bates en tegnologie word ook bekend gestel met 'n gekombineerde benadering van gemengde en virtuele leerruimtes om ervarings op én weg van die kampus te ondersteun. Dit skep 'n opwindende nuwe model vir groei (in vorm sowel as grootte) op ons kampus. Voorts word studenteadministrasie herstruktureer om die voldoende hantering van nuwe en bestaande markte te ondersteun.

Ons uitgangspunt is dat die begroting die strategie moet ondersteun, en dat voldoende finansiering bewillig moet word vir die uitvoering van die strategie. Die strategiese prioriteite word voorts deur 'n transformasieplan, 'n plan vir 'n verwelkomende kultuur, 'n plan vir IKT in leer en onderrig, en 'n kampusmeesterplan (met inbegrip van mobiliteits-, fisiese-fasiliteits- en netwerkplanne) ondersteun. Met die **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** word huidige strukture uitgebrei en kernaktiwiteite bely.

Ons uitgangspunt is dat die begroting die strategie moet ondersteun, en dat voldoende finansiering bewillig moet word vir die uitvoering van die strategie



VISIE

Die visie vir die relevante posisionering van die Universiteit vir die 21ste eeu, met 2030 as tydhorison, is soos volg:

*Die Universiteit Stellenbosch as **inklusief, innoverend en toekomsgerig**: 'n plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbendes kennis bevorder.*

Visie 2030 word soos volg omskryf:

Die Universiteit, as 'n 21ste-eeuse instelling, speel 'n leidende rol in die skep van 'n gevorderde samelewing. **Inklusiwiteit** konsentreer op individue se talente en bydraes; **innovasie** handel oor die noodsaak om veral die uitdagings van 'n meer volhoubare toekoms kreatief die hoof te bied; studente en akademici wy hul energie aan die skep van die **toekoms** deur waagmoedige pogings om hedendaagse probleme en kwessies daadwerklik te hanteer; **ontdekking** geskied deurdat teorie en praktyk in die opvoedingsproses verweef word, en die Stellenbosch-ervaring lewer **denkleiers** op wat groter insig het in wêreldkwessies, hul kreatiewe vermoëns innoverend ontsluit om probleme op te los, en sinvol optree om die samelewing deur kennis te dien. Dit alles gebeur binne die konteks van die transformasie van die US om toekomsfiks en wêreldwyd mededingend te wees.

MISSIE

Die Universiteit Stellenbosch bereik sy visie deur volgehoue transformasie, sowel as op sy ontdekkingsreis deur die akademie tot diens van sy belanghebbendes, om:

- 'n akademiese gemeenskap te skep waarin sosiale geregtigheid en gelyke geleenthede tot sistemiese volhoubaarheid lei;
- toepaslike en volhoubare benaderings tot Afrika-ontwikkeling te ondersoek en innoverend toe te pas;
- sy navorsing te rig volgens die volle spektrum uitdagings waarmee die wêreld, Afrika, ons land en die plaaslike gemeenskap te kampe het;
- studente- en toekomsgerigte leer en onderrig te handhaaf wat 'n passie vir lewenslange leer vestig;
- in die innoverende akademieskap en kreatiewe vermoëns van al sy mense te belê;
- die inherente krag van diversiteit te ontgin; en
- sinergistiese netwerke te vestig en uit te bou, waarin die Universiteit 'n dinamiese vennoot is.



W A A R D E S

Uitnemendheid

Ons word deurentyd deur uitnemendheid gekenmerk.

Medeverantwoordbaarheid

Ons besef en aanvaar dat ons, in belang van die belanghebbendes vir wie ons dien, gesamentlik vir die verwesenliking van die Universiteit se visie verantwoordelik is.

Empatie

Ons bevorder menswaardigheid deur 'n kultuur sowel as deur optrede wat getuig van respek – selfrespek, respek vir ander mense, en respek vir die fisiese omgewing.

Innovasie

Ons dink en doen nuut en anders, en maak beter keuses en neem beter besluite vir onself sowel as vir ons belanghebbendes, die land, die vasteland en die planeet.

Diensbare leierskap

Ons bevorder die welwees van mense en die wêreld deur met nederigheid, verantwoordelikheid en begrip te lei.

DIE
KONTEKS
EN
POSITIONERING
VAN 'N

2

STE-EEUSE
UNIVERSITEIT

DIE KONTEKS EN POSISIONERING VIR 'N 21STE-EEUSE UNIVERSITEIT

Die Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en daarna, wat in 2000 die lig gesien het, het die realiteite van die immerveranderende omgewing in hoërondwysinstellings in Suid-Afrika beklemtoon, en het ten doel gehad om die leiersposisie van die instelling te handhaaf en uit te brei. Die strategiese raamwerk is in 2002 verder verfyn, wat aanleiding gegee het tot Visie 2012 en die strewende om 'n bydrae tot die samelewing te maak deur die bevordering, erkenning en beloning van goeie, verantwoordbare onderrigpraktyk en die erkenning van die sleutelrol van onderrigpersoneel.

In 2007 is die Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) opgestel. Dit het vyf ontwikkelingsstemas uitgewys wat in die HOOP Projek geïntegreer is. Die OSP is sedertdien gekonsolideer en met Visie 2012 afgesluit.

Hierdie **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** dien as grondslag vir die posisionering van die Universiteit vir die 21ste eeu. Hierdie posisionering is veranker in die vier strategiese fokusareas, naamlik studentesukses, diversiteit, die kundigheidsbasis en sistemiese volhoubaarheid. 'n Visie 2030 is aanvaar, met inklusiwiteit, innovasie, toekomsgerigtheid en transformasie as hoofkenmerke. Die verwesenliking van Visie 2030 word deur drie hoofstrategiese prioriteite ondersteun, naamlik die verbreding van toegang, die behoud van momentum van uitnemendheid, en die bevordering van die impak op die samelewing. Die proses van herposisionering (grootte en vorm, die gebruik van tegnologie, die vestiging van 'n inklusiewe kultuur, en die bevordering van diversiteit en transformasie) word verder ondersteun en uitgebrei om vir die onvermydelike veranderinge in die ekonomiese, maatskaplike en wêreldwye omgewing voorsiening te maak. Hierdie **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** is nie rigied nie, maar skep 'n grondslag vir beplanning sowel as genoeg ruimte in die komplekse en dinamiese Universiteitsomgewing wat ook met nasionale sowel as internasionale veranderinge tred hou. Met Visie 2030 en die **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** bou die Universiteit voort op sy ontwikkelingsbaan van sukses na betekenisvolheid voort. Ons uitgangspunt is steeds om beduidend beter en beduidend anders te wees, en om sodoende 'n volgehoue standaard en beeld van uitnemendheid vir ons studente en personeel, ons belanghebbendes en die vasteland te verseker.

Hoërondwysstrategieë moet relevant wees vir die 21ste-eeuse universiteit, en moet terselfdertyd voldoen aan die behoeftes van so 'n instelling. Wêreldwyd word tegnologie as een van die dryfvere vir die relevante posisionering van 'n universiteit beklemtoon. Ook die internasionale ekonomie beweeg na 'n globale netwerk, wat ondersteun word rondom die waarde van kennis, en individue en organisasies se vermoë om tegnologiese ontwikkelings doeltreffend te benut. Ander faktore in die konteks van universiteite sluit in 'n groter vraag na tersiêre onderrig (of veranderende maatskaplike behoeftes), 'n tekort aan fisiese ruimte in tradisionele universiteite, ons bevolkingsgroei, en beperkte bronne (hulpbronne). Dit toon dat die strategieë, strukture, prosesse en programme van universiteite moet verander en buigsam moet wees om op veranderinge in sowel die eksterne as interne omgewing te kan reageer.

Dit vereis dat hoërondwysinstellings in 'n mindere of meerdere mate met sistemiese transformasie moet begin indien hulle in die 21ste eeu sukses wil behaal. Dit geld ook vir die Universiteit Stellenbosch namate ons ons voortdurende reis van sistemiese transformasie voortsit.

Een van die belangrike komponente van transformasie by die US is 'n kombinasie van doelbewuste veranderinge in die institusionele kultuur. Dit impliseer verandering tot 'n meer toeganklike, inklusiewe, deelnemende en verteenwoordigende instelling wat sy visie van akademiese uitnemendheid kan bereik en terselfdertyd sy relevansie bewys. Dit word ook as 'n noodsaaklike faktor beskou in die strewende om die Universiteit in 'n meer buigsame en responsiewe 21ste-eeuse hoërondwysinstelling te verander wat vir 'n diverse studentemark voorsiening maak. Sport en kultuur is 'n belangrike venster waardeur ons belanghebbendes die Universiteit beskou, en die potensiaal van dié strategiese bates moet dus ten volle ontsluit word.

Dit impliseer verandering
tot 'n meer toeganklike,
inklusiewe, deelnemende en
verteenwoordigende instelling
wat sy visie van akademiese
uitnemendheid kan
bereik en terselfdertyd
sy relevansie bewys


Uit

DIE US SE OORHOOFSE
BESIGHEIDSMODEL

DIE US SE OORHOOFSE BESIGHEIDSMODEL

Die US se besigheidsmodel vir 2013-2018 word in Figuur 1 aangedui, en het ten doel om die strategiese prioriteite te verwezenlik, met Visie 2030 as eindpunt. Die uitgangspunt van hierdie besigheidsmodel is om huidige strategieë en strukture te ondersteun en verder uit te brei, en ons kernaktiwiteite te belyn om hul impak te verhoog.

Figuur 1: Besigheidsmodel van die Universiteit Stellenbosch



- Huidige werksaamhede
- Nuwe mark(te); posisionering en strukture
- Akademiese strukture
- Herstrukturering van prosesse en werksaamhede
- Verandering in struktuur of mark, terwyl huidige vlak van werksaamhede behou word
- Uitkontraakteer sommige van hierdie funksies (tans funksies wat deur 21ste eeuse universiteite gedeeltelik uitkontraakteer word), behou institusionele "beheer"

Hierdie model word soos volg beskryf:

- * **Belanghebbendes:** Die Universiteit bedien steeds 'n uiteenlopende groep studentesegmente, wat insluit nasionale én internasionale studente op voorgraadse en nagraadse vlak, met 'n klemverskuiwing na toegepaste leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Die Universiteit konsentreer in die meeste van sy werksaamhede op die bepaling van nuwe teikenmarkte en die ontwikkeling van nuwe programaanbiedinge.
- * **Akademiese aanbod:** Die Universiteit bied steeds 'n wye verskeidenheid dissiplines aan, maar staak 'n klein aantal dissiplines wat onder kapasiteit/nie-winsgewend bedryf word (of voeg dissiplines saam om die gewenste kapasiteit te bereik), en voorsien die nodige hulpbronne om mededingendheid in ander dissiplines te behou; brei die diploma-aanbod uit en betree die "werk en leer" mark.
- * **Leweringsmodusse:** Die Universiteit lewer sy dienste hoofsaaklik op kampus deur die optimale gebruik van bates en tegnologie; skep virtuele leerruimtes om die kampuservaring te ondersteun; brei kortkursusse met behulp van virtuele leer uit (toegepaste kursusse wat saam met bedryfsvennote aangebied word); belê in gemengde en virtuele leermodelle; skep leweringkanale in vennootskap met ander instellings (hoërskole, openbare en privaat sektor, bedryfsvennote) ten einde nuwe markte te ontsluit, doeltreffende toegang te verseker en bestaande markte te bedien.
- * **Werwing/vennootskappe en studentedienste:** Die Universiteit herstruktureer studenteadministrasie om die voldoende hantering van nuwe en bestaande markte te ondersteun.
- * **Steundienste:** Die Universiteit kontrakteer sommige (of gedeeltes van) steundiensfunksies uit om laer bedryfskoste te fasiliteer, en/of verseker doeltreffendheid deur diensooreenkomste met eendersdenkende instellings te deel. Die US bestuur ook die getalsverhouding tussen akademië en steundienspersoneel. Ontgin die Universiteit se intellektuele-eiendomsportefeulje deur innoverende tegnologieoordrag, en benut sakegeleenthede deur kommersialisering. Herskik die finansiële strukture (finansiering wat aan akademiese en steundienste toegewys word); aansporingstrukture word op 'n finansiële stabiele manier oorweeg; verminder afhanklikheid van staatsfinansiering; benut ander finansieringsgeleenthede.
- * **Kultuurverandering:** Die Universiteit kweek 'n verwelkomende institusionele kultuur, bevorder diversiteit en transformasie, en omvorm die institusionele burokrasie in 'n omgewing van toegewyde leierskap op alle vlakke.



Ons behoort
Ons groei saam

2013-2018

STRATEGIESE PRIORITEITE

STRATEGIESE PRIORITEITE (2013-2018)


Die strategiese posisionering van die Universiteit vir die 21ste eeu vereis toegewyde leierskap om Visie 2030 na te streef en te verwesenlik. Die strategiese prioriteite, temas en geselekteerde doelwitte vir die inwerkingstelling en monitering van die **Institusionele Voorname en Strategie 2013-2018** verskyn in **Figuur 2** in verhouding tot die doelwitte van Visie 2030. Die fokus word geplaas op prosesse, strukture en programme.

Die drie oorhoofse strategiese prioriteite is om:

- Toegang te verbreed;
- Momentum van uitnemendheid te behou; en
- Impak op die samelewing te bevorder.

Die onderliggende strategiese temas van elk van hierdie strategiese prioriteite word vervolgens bespreek.

Figuur 2: Strategiese prioriteite, temas en geselekteerde doelwitte (IVS 2013-2018)



Dit maak dit moontlik om nuwe markte soos die “werk en leer”-mark te betree, die voorgraadse aanbod te herstruktureer, en diplomakursusse in te stel

STRATEGIESE PRIORITEITE EN ONDERLIGGENDE TEMAS

Strategiese prioriteit: Verbreed toegang

Bevorder toegang tot nuwe kennismarkte

Die groei van die Universiteit wat markaandeel van baccalaureusstudente betref, is beperk as gevolg van die afname in die getal skoolverlaters wat vir universiteitstudie in aanmerking kom. Voorts sal infrastruktuurbeperkings by ons instelling, sowel as die twee nuwe universiteite wat tot stand gebring word, die getal studente wat die US betree verder verminder. Die 21ste-eeuse universiteit bied geleentheid vir die gebruik van tegnologie en globale konnektiwiteit. Dit maak dit moontlik om nuwe markte soos die “werk en leer”-mark te betree, die voorgraadse aanbod te herstruktureer, en diplomakursusse in te stel. Die klem kan dus van abstrakte leer na toegepaste leer verskuif. Waardevolle vaardighede uit 'n postmoderne oogpunt sal wees om voordeel te trek uit konteks, samewerking en die formulering van kennis. Die grens tussen wat “op” en “weg van” die kampus gebeur, sal minder duidelik en al hoe vaer word as gevolg van die gebruik van tegnologie.

Vergroot diversiteitsprofiel (personeel en studente)

'n Diversiteit van personeel, studente, kennis, idees en perspektiewe sal die gehalte van die kernakademiese aktiwiteite verhoog, met ander woorde navorsing, leer en onderrig, sowel as navorsingsgebaseerde en leer-en-onderriggerigte gemeenskapsinteraksie. 'n Gebrek aan die intellektuele uitdagings wat 'n diversiteit van mense en idees bied, beperk akademiese uitnemendheid. Ons erken die diversiteit van ons personeel en studente, en die konteks waarin ons funksioneer. Die diversiteit van gedagtes en idees, ras, geslag, godsdiens en so meer op kampus is een van die sterkpunte van ons instelling. Ons erken met trots dat ons nie net 'n kennisverskaffer is nie, maar ook ons studente toerus om in die konteks van ons land en vasteland te funksioneer.

Die diversiteit van gedagtes en idees, ras, geslag, godsdiens en so meer op kampus is een van die sterkpunte van ons instelling

Strategiese prioriteit: Behou momentum van uitnemendheid

Posisioneer as die voorste navorsingsinstelling in Afrika

Ons het reeds beduidende sukses as 'n navorsingsinstelling getoon, en het ons as 'n leier in ons land bewys. Ons streef daarna om ons vasteland op soortgelyke wyse te dien deur tot die kundigheidsbasis by te dra, relevansie te toon, verskeie belanghebbendes te dien en tot die verwesenliking van wêreldontwikkelingsdoelwitte by te dra.

Behou studentesukseskoers

Daar is 'n beduidende verskuiwing in hoe studente inligting gebruik, idees deel en kommunikeer, wat die studentesukseskoers kan beïnvloed. Ons het 'n sterk geskiedenis in die handhawing van studentesukses, en streef daarna om 'n kampus te skep wat tegnologiese geletterdheid en kultuur uitbou ten einde innoverende instrumente in die kurrikula te gebruik en tegnologie akademies, krities en oordeelkundig aan te wend. Tegnies en inligtingsgeletterde studente is belangrik vir die globale werkplek. Die bestaan van virtuele aanlynuniversiteitsgemeenskappe verbeter skakeling met voornemende en huidige studente.

Strategiese prioriteit: Bevorder impak op samelewing

Vestig toegewyde, visionêre leierskap

Toegewyde, passievolle en visionêre leierskap is nodig om die uitdagings van die 21ste-eeuse universiteit die hoof te bied. Sulke leierskap sal die instelling help vorm om dit meer leefbaar, menslik en eties te maak. Dit sal op sy beurt 'n impak op ons samelewing hê en die relevansie van ons instelling in ons konteks bewys. Skep geleenthede om leierskap op akademiese, kulturele en sportgebied te toon en te beoefen.

STRATEGIESE DOELWITTE

'n Oorsig van spesifieke doelwitte wat met die strategiese prioriteite en temas verband hou, sal in die strategieplanne van die verskillende bestuursomgewings vervat word. Daar moet in gedagte gehou word dat die strategiese doelwitte nie in isolasie funksioneer nie, maar geïntegreerde prosesse is. 'n Hoëvlakbeskrywing van geselekteerde strategiese doelwitte per bestuursgebied word in **Tabel 1** voorsien.

Tabel 1: Hoëvlakbeskrywing van geselekteerde strategiese doelwitte


Strategiese Doelwit	Beskrywing
Viserektor (Leer en Onderrig)	
PMO & Tolkling (BSI Toeganklikheid)	Om toegang te verhoog tot die US, waar studente, sover dit uitvoerbaar is, in die taal van hulle keuse (Afrikaans of Engels), kan leer, wat groter toegang tot die BSI-mark sal gee
Programvernuwing	Die US verskaf programme wat relevant is vir toetreders tot die huidige werksmark en bied hierdie op 'n kostedoeltreffende manier aan
IKT vir L&O (Leerbevordering)	Om inligtings- en kommunikasietegnologieë met 'n gegronde tersiêre opvoedingspedagogie te vermeng, met 'n fokus op leer en nie net op onderrig nie en wat sal bydra tot makliker, meer doeltreffende en bekostigbare leergeleenthede
Nuwe kennismarkte (meer waarde-onttrekking)	Om die US se kennis aan nuwe en meer markte te versprei, bv. die "werk en leer" mark, die instel van diplomakursusse, en ander
Beursskenkings	Om diversiteit te verhoog en uitnemendheid te beloon
Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel)	
Vestiging van omvattende landelike platforms	Konseptualisering, implementering en bestuur van landelike platforms as 'n unieke vorm van strategiese vennootskappe
Bevordering van betrokke akademieskap	Neem 'n wetenskaplike en samelewingsbenadering tot gemeenskapsinteraksie deur kapasiteit te bou deur middel van transdissiplinêre samewerkende metodologieë
Uitbou van toegang en skepping van ontwikkelingsgeleenthede	Institusionele koördinering van skoolprojekte, die skep van ontwikkelingsgeleenthede (bv. kortkursusse), die verhoging van toegang tot deelname (feesdae, toegang tot US-hulpbronne, en so meer)
Kapasiteitsbou vir eksperimentele leer en ondersteuning om 'n program oor "graduandi-eienskappe" te bou	Instel van kortkursusse oor leierskap wat deur Gemeenskapsinteraksie aangebied word
Bestuur van spesifieke kategorieë van vennootskappe	Bestuur spesifieke primêre, sekondêre en skoolvennootskapsprogramme deur strategiese samewerking gebaseer op die wetenskaplike kundigheid van die Universiteit
Verbeterde personeelprofiel	Versker dat die waardestelling van die Universiteit se werknemers mededingend is om die beste talent te lok en te behou; versnel diversiteit op senior personeelvlakke via strategiese werwing; verbeter die sistemiese skakeling tussen akademiese en steundienseenhede; bemagtig sleutel-universiteitsleiers om die Institusionele Voorneme en Strategie te ondersteun

Viserektor (Navorsing en Innovasie)	
Jong akademiese sterre	Voorkeur aanstelling van jong personelede, met die fokus op die bevordering en ontwikkeling van personeel as uitstekende navorsers
Bevordering van navorsingsuitsette	Om wêreldklas navorsing uit te brei en te ondersteun om sodoende te verseker dat die US sy plek onder die top 500 universiteite behou en verbeter
Uitbou van navorsingsinnovasie	Bestuur vir navorsingsuitsette wat sal lei tot nuwe produkte en dienste wat ekonomiese en/of maatskaplike verbetering in die land tot gevolg kan hê
Navorsingsfokus	Die navorsingsentiteite sal fokus op ontwikkeling en implementering om 'n impak op die Nasionale Ontwikkelingsplan en die bereiking van die Wêreld-ontwikkelingsdoelwitte (WOD) te maak
Generering van ekstra inkomste deur navorsing en fondswerwing	Die US sal finansiële volhoubaarheid wees deur 'n voortgesette en groter derdestroom inkomste te onderhou en 'n vierde befondsingstroom te bou
Nagraadse studentesukses	Om die aantal nagraadse studente van alle rasse in SA te verhoog en tegelykertyd te mik vir uitnemendheid in die internasionale arena
Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies	
Besigheidsprosesse en fondswerwing vir finansiële volhoubaarheid	Indirekte kostes sal as deel van die volkoste-strategie van kliënte verhaal word, in lyn met die Hoëronderwyssektor se benadering. Ontsluiting van Vierde Geldstroom inkomste deur gefokusde ontwikkelingsaksies
Geregtigheid en gelyke geleenthede vir inwonende en pendelstudente	Verskaf 'n bykomende 2 500 beddens in studente-koshuise en verskaf 'n pendeldiens aan studente wat nie in universiteitskoshuise geakkommodeer kan word nie
Mobiliteitsplan	Ontwikkel 'n strategie vir veilige, omgewingsvriendelike en bekostigbare mobiliteits- en vervoeralternatiewe vir personeel en studente om sodoende die koolstofvoetspoor van die US te verminder en te beweeg na 'n voertuigvrye sentrale kampus. Dit sal die instel van busdienste behels, asook die inskakeling van die plaaslike taxidienste, die uitbreiding van pendeldienste, 'n nuwe parkeerstelsel, fiets-inisiatiewe en voetgangerplanne
Kommersialisering van intellektuele eiendom (IE) en besigheidsgeleenthede	Kommersialisering van die Universiteit se intellektuele eiendom-portefeulje deur patentering, lisensiering en die vestiging van afwentelmaatskappye. Dryf 'n entrepreneurskapsprogram vir personeel en studente. Bou van 'n inkubator om afwentelmaatskappye te akkommodeer. Vestig 'n tegnologieoordragstrategie vir die US se raadgevende dienste. Vestig 'n Matie Innovasiefonds
Omgewingsvolhoubaarheid	Fokus aanvanklik op inisiatiewe om krag en water te spaar. Nuwe geboue moet so groen as moontlik wees en opgraderings van fisiese fasiliteite moet die meeste moontlike groen elemente insluit
Geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	Daarstelling van konsoliderende en integrerende begrotingsmodel Verfyning van die omvattende kapitaalplan. Ontwikkeling van 'n effektiewe, geïntegreerde bestuurs- en verslagdoeningsproses vir die US in sy geheel



Ek het 'n stem

Ek is 'n Matie



DIE STRATEGIESE PRIORITEITE WORD VERDER ONDERSTEUN DEUR:

- 1) 'n transformasieplan;
- 2) 'n plan vir 'n verwelkomende kultuur;
- 3) 'n plan vir IKT in leer en onderrig; en
- 4) 'n kampusmeesterplan (wat mobiliteits-, fisiese-fasiliteits- en netwerkplanne insluit).

Die dokument **Institusionele Voorneme en Strategie 2013-2018** wat hier weergee word, maak die grondslag uit vir die uitvoerige, gerigte strategieë en bedryfsaksies van alle Universiteitsentiteite. Terselfdertyd verskaf dit die basis wat Universiteit Stellenbosch sal lei na sy verkose toekoms soos dit verder beweeg op sy transformasie-reis.



Time for
change.

There's ALWAYS HOPE
LESS LESS